



## South African Wood Preservers Association

Geagte Lede

### GEVAARLIKE AFVAL – GENEREERDERS ONDER 20 KG/DAG

By die onlangse streekvergaderings is gerapporteer dat die Departement Omgewingsake terugvoer gegee het oor die onwilligheid van afvalbestuursfasiliteite om gevaarlike afval vanaf aanlegte te aanvaar wat minder as die 20 kg/dag limiet genereer, en nie op die "South African Waste Information Centre" (SAWIC) geregistreer is nie. Die Departement kan slegs 'n instruksie aan die fasiliteite uitreik indien daar voldoende inligting en bewyse is van wegwysing. .

Lede wat hierdeur geaffekteer is word herinner om bewyse en inligting aan SAWPA te stuur vir indiening by die Departement, aangesien ons tot dusver nog niks ontvang het nie. Stuur dit na [admin@sawpa.co.za](mailto:admin@sawpa.co.za) or [bruce@sawpa.co.za](mailto:bruce@sawpa.co.za) sodat ons die saak finaal kan opklaar..

Intussen stel die Departement voor dat aanlegte verklarings by hul plaaslike polisiestasie aflê dat die aanleg minder as 20 kg/dag gevaarlike afval genereer. Die verklaring behoort dan as 'n geldige en wetlike dokument aanvaar te word wat kleiner ongeregistreerde genereerders in staat sal stel om van hulle afval ontslae te raak. Indien enige lede al van die proses gebruik gemaak het, sal ons terugvoer waardeer.

### VORDERING OP SANS 1288 HERSIENING

Op 8 Oktober is 'n dringende SABS TC218SC1 vergadering gehou om die kommentaar te oorweeg wat op die 3<sup>de</sup> SANS 1288 ed4 konsep dokument ontvang is. Die notule wat die resolusies van die vergadering insluit, is tans uit vir 'n 30 dae tydperk sodat die volledige komitee die besluite kan oorweeg en goedkeur. Daarna behoort die dokument na die finale fase te vorder as konsep Suid Afrikaanse Standaard vir publieke kommentaar alvorens dit goedgekeur en gepubliseer sal word..

Die hoofkwessies wat aangespreek is, is a) nie-strukturele of 1288 pale, b) die voorgestelde vereistes vir kompleet- en soliede penetrasie en die eksponensiële toename in retensie vir grondkontakhardehoutpale met 'n hoë spinhoutverhouding.

Om op te som, die definisie vir nie-strukturele pale (1288) is gewysig om te verseker dat slegs pale wat nie aan die vereistes van SANS 457 kan voldoen nie, onder SANS 1288 vervaardig kan word. Rakende die voorgestelde kompleet- en soliedespinthoutpenetrasie, en die eksponensiële toename op retensie vir hardehoutpale met hoë spinhoutverhoudings, is daar ooreengekom dat dit slegs van toepassing sal wees op hoërisiko pale, i.e. H5. Dit sluit in fondasiepale vir permanente strukture (geboue), wingerdpale, skadunetpale, ens.

### SAWPA RAADGEWENDE NOTA - SANS 457 vs SANS 1288 PALE

SAWPA het 'n nuwe "Guidance Note" uitgereik (sien aangeheg) wat die verskil tussen 'n SANS 457 paal en pale wat onder SANS 1288 toegelaat word, beskryf. Die riglyne beskryf die bedoelde eindgebruik sowel as die rede waarom SANS 1288 nie-strukturele pale toegelaat was. Lede word versoek om kennis te neem van die inhoud van die riglyne en dit aan kliënte deur te gee. veral die wat 1288-pale in groot maat wil aanskak vir herverkoopdoeleindes, 'n praktyk wat nie in lyn is met die bedoelde toegewing nie, en dus nie aanbeveel word nie. Die riglyne sal by die ander riglyne gevoeg word wat reeds op ons webtuiste beskikbaar is by <http://sawpa.co.za/guidance-notes>

## GEMIDDELDE RETENSIES PER LADING

Dit blyk dat daar 'n misleidende en verkeerde opinie die rondte doen oor die gebruik van sekere analitiese spektrometers om die gemiddelde retensies van ladings te bepaal. Daar is geen goedgekeurde SANS metode vir die gebruik van analitiese spektrometers nie. Die SANS spesifikasies is baie duidelik dat slegs goedgekeurde en gelyste SANS metodes gebruik kan word, soos van toepassing. Die metodes is SANS 5967 (volumetriese metode), SANS 5988 (monsternemingsmetode) en SANS 5989 (weegbrugmetode), waarvan die laaste twee nie wyd gebruik word nie. Daarbenewens is dit ook belangrik om te onthou dat die voldoening aan retensievereistes van toepassing is op elke lading. Indien die minimum vereiste nie bereik is na berekening van die ladingstaat nie, moet die lading herbehandel word om voldoening te verseker.

## ONWETTIGE HOUTBEHANDELING INGESLUIT IN PPGI VERSLAG

Die probleem van onwettige houtbehandeling is ingesluit in die nuutste bosbou vorderingsverslag van die "Public and Private Sector Growth Initiative (PPGI)" projekte. Die verslag is bespreek by die PPGI Meesterplanvergadering gehou by Gallagher Estate op Vrydag die 25<sup>ste</sup> Oktober, waar industrieleiers met regeringsamptenare ontmoet het. In korte verwys die insluiting na die groeiende en nonbeheerste onwettige behandeling wat ons bedryf in die gesig staar, die nie-regulering deur die NRCS, en die stadige vordering wat ondervind word met pogings om betrokke regeringsdepartemente en die NRCS te koördineer ten einde die probleem aan te spreek. Hierdie is net nog 'n vlak van bewusmaking op regeringsvlak waar die President geïntereesd is en die Bosbousektor as 'n belangrike strategiese sektor vir ekonomiese groei en ontwikkeling geïdentifiseer is.

## NUUSBROKKIES

- Die 2020 SAWPA kalender is gereed en ons sal dit oor die volgende paar weke begin uitstuur. Lede moet asb op die uitkyk wees daarvoor in die pos.

Groete  
**BRUCE BREEDT**

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrieff gemaak is nie.